

Hoofstuk van die dag: Rigters 9

> *So het God die onreg gestraf wat Abimelek sy pa aangedoen het toe Abimelek sy sewentig broers vermoor het. (vers 56)*

Wat ’n afgryslike verhaal van magswellus en sinnelose gewelddadigheid en moord!

Abimelek se naam, wat sy pa vir hom gegee het, is veelseggend. Dit beteken letterlik: my pa is koning. En dit terwyl Gideon geweier het om koning te wees (Rig 8:23), maar uiteindelik tog soos ’n koning geleef het, met baie vrouens en sewentig seuns. Daar is ’n sê-ding wat lui: ’n kind is nes sy ouers, net erger. Gideon het soos ’n koning geleef, en Abimelek het homself koning gemaak, maak nie saak hoeveel bloedvergieting daarvoor nodig was nie. En uiteindelik het hy gesterf soos hy geleef het: gewelddadig. Want God slaap nie. Hy verdra nie onreg nie en laat Hom nie ignoreer nie.
Wat moet ons uit dié aaklige hoofstuk met ons saamvat? Dalk dit: leef só dat jou kinders gerus soos jy kan wees, en erger. Laat hulle in jou sien hoe ’n man of vrou van God lyk, sodat hulle óók manne en vroue van God kan wees, met selfs nog ’n groter passie vir die koninkryk, groter omgee-harte, meer deernis, en onwrikbare volgelinge van Jesus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026